Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

8 Julie 2025

**<u>OMSENDBRIEF 6/2025</u>**

# TENDER VIR SINODE 2026

**Aan alle voorsitters van kerkrade**

Geagte Broeder

Die Kommissie vir Bedieningsondersteuning en Skakeling (KBS) het besluit om die datum vir die volgende Sinode voorlopig vas te stel vir DV die week van Maandag 31 Augustus 2026 tot Vrydag 4 September 2026.

Aangeheg by hierdie skrywe vind u die nodige tendervorm indien u kerkraad daarin sou belangstel om die eerskomende Sinode aan te bied.

Die tendervorm moet asseblief voor Woensdag 28 Januarie 2026 om 12:00 by die Gemeenskaplike Kerkkantoor te Makoustraat 516, Monumentpark, Pretoria ontvang word.

*Vriendelike groete*



**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

**TENDER VIR AANBIEDING VAN SINODE 2026**

Gemeente: ........................................................................

Fisiese adres: ........................................................................

........................................................................

Kontakpersoon: ........................................................................

Posbenaming: ........................................................................

Telefoonnommer: Kantoorure (.........) .......................................

Na-ure (.........) .......................................

Selfoonnommer: .........................................

Handtekening van kontakpersoon: ..................................................

**1. VERGADERINGRUIMTE VIR MINSTENS 400 AFGEVAARDIGDES MET SKRYFGERIEWE**

**Koste R .........................**

**Grootte**: (in meter)

1.1 Vloergedeelte (*waar sinodegangers moet sit, d.w.s. waar stoele geplaas word*)

Lengte: .............m; Breedte: .............m; Totale oppervlakte: ..............m².

Sitplekke: ...................(getal)

Heg asseblief 'n vloerplan hierby aan.

Gee asseblief 'n duidelike beskrywing van die sitplekke/stoele/banke

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

Skryfgeriewe:

Gee asseblief 'n duidelike beskrywing van die skryftafels/-geriewe

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

Vloergedeelte tussen verhoog (hooftafel) en stoele (vloergedeelte):

Lengte: .................m; Breedte: .................m; Totale oppervlakte: ............m².

Verhoog (hooftafel)

Lengte: .................m; Breedte: .................m; Totale oppervlakte: ............m².

Hoogte van muur agter verhoog: ...............m.

Breedte van muur agter verhoog: ...............m.

*By die hooftafel moet voorsiening gemaak word vir sitplek vir vyf (5) persone met voldoende plek vir dokumente, rekenaarskerms en mikrofone;*

Gee asseblief 'n duidelike beskrywing van die stoele en hooftafel

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

(*Daar moet genoeg spasie voor in die lokaal wees om drie projeksieskerms van 3,65 m x 3,04 m te monteer*.)

Toegangsdeure: .............. (getal) Dui ook die posisies van die deure aan.

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

Vensters: ..................(getal) Dui ook die posisies, asook die oppervlakte van die oopmaakgedeeltes van die vensters aan.

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

Ventilasie en verkoeling: Gee asseblief 'n volledige beskrywing, veral van die effektiwiteit.

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

Beligting: Dui asseblief die hoeveelheid, sterkte en kwaliteit van die beligting aan.

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

Kragpunte: In die vloergedeelte .............

Op die verhoog .............

Sterkte van die hoofstroombreker op die kragtoevoer ..............

Geskiedenis van kragonderbrekings .........................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

Maatreëls om voorsiening te maak in die geval van 'n kragonderbreking

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

Toiletgeriewe: Hoeveel permanente toilette is beskikbaar? .............................

(Daar moet omtrent 1 toilet vir elke 40 persone voorsien word)

**2. 'N OUDIOVISUELE STELSEL MET 'N OPERATEUR(S)** **Koste R........................**

Die verrigtinge in die sinodesaal moet opgeneem word en voldoende kwaliteitmikrofone en luidsprekers moet beskikbaar gestel word. Minstens 8 mikrofone word vir sprekers vanaf die vloer benodig en 'n verdere 6 vir die verhoog (5 by die hooftafel en 1 by die kateder). Drie videokameras (een vir die kateder/voorsitter, twee vir sprekers vanaf die vloer). Drie digitale projektorskerms (een wat sprekers vertoon en twee wat aanbevelings en stemming vertoon).

Klankstelsel: Tipe en kwaliteit

.......................................................................................................................

Mikrofone: . ................................................................(soort)

Opneemfasiliteit: MP3 .......... ; Video ......... ; ander ................

Menger om mikrofone, projektors en kameras te wissel en apart te beheer:

.........................................................................................................................



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

Kan die mikrofone afsonderlik aangeskakel word? ..........................

Kan die mikrofone gesamentlik aangeskakel word? ........................

Drie digitale projektors met skerms? ……………………………

Orrel vir begeleiding? ……………………………………………

## 3. SPYSENIERING **Koste R..........................**

Ontbyt, middag- en aandetes moet vir die duur van die sinode (31/08/2026 – 03/09/2026) voorsien word, asook koffie en tee in die oggend en middag, terwyl daar vir die laaste dag (04/09/2026) slegs ontbyt voorsien moet word. Voorsiening moet ook gemaak word vir persone wat sekere kossoorte nie kan eet nie, bv. diabete en persone met allergieë.
Heg asseblief 'n volledige spyskaart by u tender aan en dui ook die laatste datum aan waarop finale getalle aan u voorsien moet word.

## 4. KOPIËRING VAN DAAGLIKSE NOTULES EN KOMMISSIEVERSLAE

**Koste R........................**

Ervaring toon dat nagenoeg 8 000 kopieë per dag vir vyf agtereenvolgende dae (nagte!) gemaak moet word.

Kopieerfasiliteite beskikbaar:

Getal kopieerders: .................. Kapasiteit: ........... bladsye per minuut;

............. bladsye per maand.

## 5. PARKERING VIR NAGENOEG 250 MOTORS **Koste R.............**

Getal parkeerplekke: ...................

Afstand vanaf sinodesaal: ...................meter

Hoe word voertuie beveilig, ook gedurende die nag?

......................................................................................................................

......................................................................................................................



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

## 6. VERGADERLOKALE VIR SINODALE KOMMISSIES EN ADMINISTRATIEWE DOELEINDES

**Koste R..................**

Minstens 5 lokale waarin 10 – 15 persone elk kan vergader, asook afgesonderde kantoorruimte vir tiksters, apparaat en vir stemtellers.

Getal lokale: ................

Groottes van lokale afsonderlik (m²) ....................................................................
.......................................................................................................................................

Posisie van lokale ten opsigte van die verhoog: ...................................................
…………………………………………………………………………………………………
Heg asseblief 'n volledige terreinplan hierby aan.

## 7. SEKURITEITSDIENSTE

**Koste R.................**

Streng maar vinnige toegangsbeheer moet by die hekke van die terrein toegepas word. Toegangskaartjies sal deur die gemeenskaplike kerkkantoor voorsien word, tensy u 'n beter stelsel kan aanbied. Toerusting wat gedurende die nag in die saal gelaat word, moet ook beveilig word.

Dui asseblief die aard van die sekuriteitsdienste, wat u kan bied, aan asook hoeveel mense u beskikbaar het om in skofte te kan werk.

.......................................................................................................................................
.......................................................................................................................................

## 8. HUISVESTING

**Koste R.................**

Pretoria-gemeentes moes tydens vorige sinodes tussen 150 en 170 persone huisves. Na verwagting sal die aanvraag groter wees indien die sinode buite Pretoria vergader. Indien u woonwastaanplek beskikbaar het, moet dit gemeld word.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

Huisvesting vir ........... persone beskikbaar binne ............ km vanaf sinodesaal.
Woonwastaanplek beskikbaar binne ............ km vanaf sinodesaal.

**9. RUIKERS EN LEKKERGOED EN DRINKWATER IN DIE SINODESAAL Koste R.........**

Vars drinkwater en lekkergoed moet deurentyd beskikbaar wees en waterhouers moet minstens gedurende etenstye en tee-/koffietye weer volgemaak word.

Hoe word water aan die sinodegangers voorsien?

Waterbekers met glase op die tafels..........................................
Waterbottels vir elke afgevaardigde ...........................................
Sentrale waterpunte op .......... plekke in die saal

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Totale koste vir 400 persone** | **R ....................** | **Koste per persoon** | **R ...................** |
| **Totale koste vir 200 persone** | **R ....................** | **Koste per persoon** | **R ...................** |

**11. SNOEPWINKEL BESKIKBAAR? .................................**

**<u>TEN SLOTTE: BAIE BELANGRIK</u>!!**

**<u>Behoorlik verseëlde tenders</u>** moet, **nie later nie as 12:00 op Woensdag 28 Januarie 2026,** in die verseëlde houer by die Gemeenskaplike Kerkkantoor, te Makoustraat 516, Monumentpark, Pretoria, geplaas word en sal op Woensdag 28 Januarie 2026 om 12:00 deur die kommissie wat deur die KBS aangewys word, oopgemaak en genommer word.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390